

HOOFSTUK V

AANBEVELINGS TER MOONTLIKE VERBETERING VAN DIE VOOGDOSENTSTELSEL

1. INLEIDING

In die voorgaande hoofstukke is aangetoon wat die aard van die probleme is waarvoor eerstejaarstudente aan universiteite te staan kom,¹ is vasgestel welke pogings universiteite aanwend om die probleem van onbevredigende akademiese prestasie en aanpassing van eerstejaars die hoof te bied;² en is bevind dat alle Suid-Afrikaanse universiteite voorsiening maak vir een of ander vorm van voogdyskap oor eerstejaars - hetsy van seniorstudente, dosente of huisvaders.³

Vervolgens is 'n besondere studie onderneem van die voogdosentstelsel wat tans slegs aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys bestaan,⁴ Uit gegewens ingewin uit Raads- en Senaatsnotules en -verslae; met behulp van vraelyste aan eerstejaarstudente,⁵ voogdosente en ander dosente;⁶ en met behulp van onderhoude met persone wat 'n deeglike kennis van die stelsel het,⁷ is die ontwikkelingsgang van die stelsel geskets, is 'n geheelbeeld van die stelsel verkry en is die leemtes en voortreflikhede daarvan blootgelê.⁸

Ten slotte sal aanbevelings ter moontlike verbetering van die voogdosentstelsel, in die lig van die aangeduide leemtes en voortreflikhede en met inagneming van die voorstelle van pleegstudente, voog-

-
1. Hoofstuk II, par. 2.
 2. Hoofstuk II, par. 3.
 3. Hoofstuk II, par. 3(q), (r) en (s).
 4. Hoofstuk III, paragrawe 3 en 4.
 5. Bylae V.
 6. Bylae IV.
 7. Bylae VI.
 8. Hoofstuk IV, par. 2.

dosente, dosente, persone met wie onderhoude gevoer is, en die Sentrale Opnamekomitee van die Senaat gemaak word.

2. AANBEVELINGS TER MOONTLIKE VERBETERING VAN DIE VOOGDOSENTSTELSEL

In die lig van die bevindinge kan die volgende aanbevelings ter moontlike verbetering van die voogdosentstelsel gemaak word:

(a) Voortsetting van die voogdosentstelsel

Hierdie ondersoek het duidelik aangetoon dat die stelsel waardevol en selfs noodsaaklik is,⁹ veral omdat alle eerstejaarstudente nie die vrymoedigheid het om hulp te vra wanneer probleme ondervind word nie.¹⁰

Hulp aan die eerstejaars is noodsaaklik soos daaruit blyk dat feitlik alle universiteite hulle eerstejaars aan een of ander vorm van voogdyskap onderwerp, te wete dié van seniorstudente, dosente, huisvaders of koshuishoofde.¹¹ Die vraag ontstaan egter of die seniorstudent of huisvader die voogdosent kan vervang. Waar daar 'n groot aantal eerstejaars onder 'n bepaalde huisvader ressorteer, sal dit vir hom baie moeilik wees om met elke eerstejaar 'n vertrouensverhouding op te bou met die oog op intensiewe individuele voorligting. Wat die seniorstudent betref, verkies eerstejaars weliswaar oor die algemeen om hul medestudente te raadpleeg in verband met probleme,¹² maar medestudente beskik nie altyd oor die nodige eerstehandse kennis om hulp te kan verleen nie.¹³ Nogtans kan sowel huisvaders

-
- 9. Hoofstuk IV, par. 2(k).
 - 10. Hoofstuk IV, par. 2(d)(iii).
 - 11. Hoofstuk II, par. 3.
 - 12. Hoofstuk IV, par. 2(j).
 - 13. Hoofstuk IV, par. 2(j).

as seniorstudente (Ouboete en monitors) en voorgdosente op bepaalde terreine waardevolle hulp aan eerstejaars verleen, en daarom behoort elkeen 'n plek in die oriënteringstelsel te kry, maar dan moet die hulpverlening sodanig beplan word dat stelsels mekaar sal aanvul en sal koördineer ten einde die mees doeltreffende diens aan eerstejaars te lewer.

Omdat die eerstejaarstudent nog onryp en onvolwasse is en die eerstejaarsdruiping dikwels 'n simptoem van en gebrek aan ervaring en rypheid is, is opvoedkundige leiding en ondersteuning vir hom noodsaaklik. Dit is derhalwe nodig dat iemand aan die universiteit die plek van sy ouers sal inneem om hom van raad en leiding te bedien. Soos duidelik blyk uit die response van pleegstudente dien die volwasse voorgdosent vir baie as 'n waarborg van eie eventuele selfstandigheid en as 'n basis om op terug te val. Die goed onderlegde en roepingsbewuste voorgdosent sal in baie gevalle 'n vertrouensverhouding kan skep en groei, ontwikkeling en opvoeding ten goede beïnvloed. Die ware voorgdosent is by uitstek 'n vertrouensfiguur na wie die student met vrymoedigheid sal wil gaan vir hulp en leiding.

Omdat die voortreflikhede en potensiële waarde van die stelsel dan sodanig is dat die stelsel as noodsaaklik beskou kan word,¹⁴ kan met vrymoedigheid aanbeveel word dat die toepassing van die stelsel voortgesit moet word, dog met die nodige verbeterings soos verderaan voorgestel sal word.

- (b) Sterker beklemtoning van die noodsaaklikheid en waarde van die stelsel by alle dosente om hul belangstelling te wek

Daar is 'n duidelike afname in die aantal dosente wat hulle diens vrywillig as voogdosente aanbied, terwyl die studentetal steeds groei.¹⁵ Die gevolglike vermeerdering van pleegstudente per voogdosent sal noodwendig meebring dat die stelsel minder doeltreffend funksioneer, omdat aangeneem kan word dat individuele kontak moeiliker sal word met die vergroting van die voogroepe. Dit is derhalwe noodsaaklik dat 'n toenemende aantal dosente gevind moet word om as voogdosente op te tree.

Dit word derhalwe aanbeveel dat die Universiteit die noodsaaklikheid en waarde van die voogdosentstelsel gereeld onder die aandag van dosente bring en besondere pogings aanwend om dosente te motiveer om as voogde op te tree.

(c) Keuring van dosente by die aanstelling as voogdosente

Omdat dit uit die ondersoek blyk dat sommige voogdosente om een of ander rede nie na wense toegerus is om hulle funksies as voog doeltreffend te vervul nie,¹⁶ is dit wenslik dat net gekeurde dosente wat voogskap as 'n roeping beskou en wat oor die nodige persoonlikheids- en kenniskwalifikasies beskik, as voogdosente aangestel word.

Sodanige keuring sal moontlik die huidige tekort aan voogdosente vergroot en juis daarom is dit noodsaaklik dat die vorige aanbeveling nagekom word,

Enige vorm van keuring sal sekere praktiese probleme meebring soos byvoorbeeld, bepaling van kriteria waarvolgens keuring kan geskied. Sodanige kriteria moet wetenskaplik saam-

15. Hoofstuk III, par. 3.

16. Hoofstuk IV, paragrawe 2(h) en 2(m)(i) - (vii).

gestel en taktvol toegepas word ten einde die status van die stelsel te verhoog en tegelykertyd moontlike teenkanting van afgekeurde dosente te voorkom.

(d) Vermindering van ander verpligtinge van voogdosente

Heelwat voogdosente het te veel ander verpligtinge en het gevolglik nie tyd om reg aan die toepassing van die stelsel te laat geskied nie.¹⁷

Indien hoë verwagtinge van hierdie stelsel gekoester word, is dit noodsaaklik dat gepoog sal word om voogdosente van hulle doseer- en administratiewe pligte te verlig sodat hulle meer tyd vir voogwerk kan kry.¹⁸

Dit moet egter benadruk word dat elke voogdosent persoonlik daarvoor verantwoordelik bly om doelbewus tyd op sy program in te ruim vir voogwerk.

(e) Opleiding van voogdosente

Dit is duidelik dat alle voogdosente nie in alle opsigte na wense toegerus is vir hierdie verantwoordelike taak nie.¹⁹ Dit is derhalwe noodsaaklik dat gepoog moet word om voogdosente op te lei sodat hulle presies sal weet wat om te doen, waar om gespesialiseerde hulp te verkry en min of meer eenvormig op te tree.

Die Instituut vir Sielkundige en Opvoedkundige Dienste en Navorsing behoort die inisiatief met sodanige opleiding te neem. Dit word aanbeveel dat voogdosente gereeld vergader

17. Hoofstuk IV, par. 2(d)(iii).

18. Hoofstuk IV, par. 2(n)(v).

19. Hoofstuk IV, paragrawe 2(h) en 2(m)(i) - (viii).

onder leiding van die Instituut ten einde voorligting te ontvang en samesprekings te voer oor die funksies en optrede van die voogdosent.²⁰ Veral jong en onervare voogdosente kan op hierdie wyse op hoogte gebring word met die stelsel. Hierbenewens kan, soos in die verlede, ook skriftelike leiding gegee word, maar daar is rede om te vermoed dat handleidings en omsendbriewe nie altyd deeglik bestudeer en bewaar word nie. Sommige voogdosente neem aan dat hulle "weet" wat om te doen.

(f) Bevordering van kontak tussen voogdosent en pleegstudent

Volgehoue, gereelde en intieme kontak tussen voog en pleegstudent is essensieel, want slegs daardeur word die voog in staat gestel om hom in te voel in sy pleegstudent, om ware insig te verkry in sy vorderings- en aanpassingsprobleme en om hom te help maar ook om hom te aktiveer om homself te help.

In die lig van die aangeduide leemtes en voortreflikhede van die voogdosentstelsel, die eise van die praktyk, en van die aanbevelings van respondente en ander instansies, kan kontak bevorder word deur plasing van pleegstudente by voogde wat hulle vak doseer, die maak van afsprake met pleegstudente; eerstejaars te verplig om voogde op te soek, die aantal studente per vooggroep te beperk, en deur aanvanklike indeling van voogroepe so permanent moontlik te maak.

(i) Plasing van pleegstudente by voogde wat hulle vak doseer

20. Hoofstuk IV, par. 2(n) (ii).

Die ideaal is dat pleegstudente by voorgdosente wat een van hulle hoofvakke doseer, geplaas sal word²¹ maar weens praktiese probleme is dit moeilik uitvoerbaar omdat dit die indeling van pleegstudente by voorgdosente nog meer ingewikkeld maak daar in 'n vak soos, byvoorbeeld, Afrikaans-Nederlands die vooggtroepe baie groot sal wees. Daarom word aanbeveel dat gepoog sal word om sover moontlik die pleegstudent aan een van sy vakdosente toe te sê wat dan optree as sy voog gedurende sy eerste studiejaar om toesig en beheer uit te oefen oor sy vordering en aanpassing.²²

In die lig hiervan verval die argument dat dit nie wenslik is om 'n vakdosent voorgdosent te maak nie, omdat die vakdosent nie goed met 'n student wat swak in sy vak vorder oor die weg kom nie.²³ Die voorgdosent se funksie is juis om die swak vordering as 'n aanknopingspunt te gebruik vir individuele aandaggewing.

(ii) Die maak van afsprake met pleegstudente

Die voorgdosente moet gereelde afsprake met hulle pleegstudente maak om kontak te verseker.²⁴ Hierdie metode word deur sommige voorgdosente toegepas, maar die praktiese probleem is dat sommige pleegstudente nooit opdaag nie. Omdat die eerstejaar se sukses juis van sy verantwoordelikeheidsbesef afhanklik is, is hierdie pligsver-suim van hom 'n noodsaaklike aanknopingspunt vir 'n individuele onderhoud waarin hy deur die voorgdosent deeg-

21. Hoofstuk IV, par. 2(n)(i).

22. Hoofstuk IV, par. 2(n).

23. Bylae IX, 5(b).

24. Hoofstuk IV, par. 2(n)(iii).

lik onder die besef gebring kan word van die noodsaaklikheid om afsprake na te kom.

(iii) Belangstelling van voogdosente in hulle pleegstudente

Die voogdosent moet van sy kant die inisiatief neem en sy pleegstudente se akademiese en ander prestasies dophou en hulp verleen wanneer nodig.

Dit is nie gewens dat die eerstejaar verplig sal word om meermale met sy voog kontak te maak deur slegs byvoorbeeld elke kwartaal sy naamtekening te vra nie,²⁵ omdat dit kontak op gedwonge wyse is. As die voogdosent deur sy optrede vir sy pleegstudent 'n vertrouensfiguur kan word, sal die pleegstudent, wanneer hy probleme ondervind, sy voogdosent raadpleeg en ook versoeke van sy voogdosent in verband met ontmoetings, nakom.

(iv) Verkleining van sommige voogroepe

Die ideaal is dat slegs 5 studente aan elke voogdosent toegesê mag word,²⁶ omdat groter groepe individuele kontak bemoeilik. Met die ondersoek het aan die lig gekom dat 46 persent van die totale aantal pleegstudente by groepe betrokke was wat uit meer as 10 studente per groep bestaan het en een groep het selfs soveel as 68 studente gehad.²⁷

(v) Vasgestelde datums vir ontmoeting van pleegstudente

Voogdosente moet spesifieke datums vir verdere ontmoetings met hulle pleegstudente vroegtydig vasstel,²⁸ ten einde te verseker dat kontak nie op 'n vroeë stadium reeds

25. Hoofstuk IV, par. 2(n)(iv).
 26. Hoofstuk III, par. 4.
 27. Hoofstuk IV, par. 2(c).
 28. Hoofstuk IV, par. 2(n).

verlore sal gaan nie.

(vi) Ontmoeting van pleegstudente deur voorgdosente

Wat die plek van ontmoeting van pleegstudente betref,²⁹ kan aan die hand gedoen word dat dit aan die oordeel van die voorgdosent oorgelaat moet word om sy pleegstudente te ontmoet wanneer en waar hy verkies, maar dat afsprake nagekom sal word.

(vii) Indeling van pleegstudente

Daar moet gepoog word om die voorlopige indeling van pleegstudente by voorgdosente so permanent moontlik te maak aangesien die eerste ontmoeting belangrik is vir die lê van 'n vertrouensverhouding tussen voorgdosente en hulle pleegstudente wat weer 'n positiewe invloed kan uitoefen op die latere kontakmaking. Herindeling is egter baie noodsaaklik, omdat verskeie studente binne die eerste paar weke van kursus verander en gevolglik nie meer hulle voorgdosente se vakke neem nie.

Die beste organisasie van die stelsel sal nog nie 'n waarborg wees vir die vereiste kontak nie, aangesien dit uiteindelik bepaal word deur die houding, die besef van geroepenheid, die benadering en die persoonlikheid van die voog.

(g) Insluiting van alle eerstejaars by die stelsel

Dit is belangrik dat alle P.U. vir C.H.O.-eerstejaarstudente aan voorgdosente toegesê sal word³⁰ en daarom sal aanvullende toewysings ook gedoen moet word as gevolg van per-

29. Hoofstuk IV, par. 2(n).

30. Hoofstuk IV, par. 2(e).

soneelskommelings en laat inskrywings sodat alle eerstejaarstudente die voorreg kan hê om van hierdie diens gebruik te maak.

(h) Die keuse van voogde en die samestelling van vooggroepe

Dit is van kardinale belang dat elke pleegstudent so ver moontlik by die regte voog geplaas moet word. Daarom moet voogde met sorg gekies word. Dit is derhalwe noodsaaklik om die hele personeel te aktiveer om aan die stelsel deel te hê sodat 'n oordeelkundige keuse van geskikte voogde gemaak kan word, met inagneming van hulle persoonlikheidseienskappe, akademiese en administratiewe verpligtinge en opleiding as voog. Dit is beslis twyfgtig of ouderdom en/of akademiese ervaring as kriteria vir die keuse van voogde kan geld omdat dosente wat belangstel in hulle studente, toeganklik is en hulle bes doen om pleegstudente self te help of te verwys, vanselfsprekend geskikte voogde sal wees.

Ook by die samestelling van elke vooggroep, dit wil sê die keuse van pleegstudente vir 'n bepaalde voog, moet verskeie vrae vooraf, met inagneming van alle omstandighede beantwoord word, te wete: moet eerstejaars self hulle voog kies? moet kinders van vriende of familiebetrekkinge aan 'n voog toegewys word? moet damestudente by voogdesse geplaas word? moet seniorstudente as studentevoogde betrek word? moet huisvaders die plek van voogdosente inneem? moet huiskomitees die pligte van voogdosente oorneem? moet die eerstejaar 'n voog hê?

(i) Moet eerstejaars self hulle voog kies?

Dit sou ideaal gewees het as eerstejaars self vir hulle voogde kon kies,³¹ maar dit is prakties onmoontlik,

omdat die eerstejaars by toetreding tot die Universiteit nog nie die dosente ken nie en omdat sommige dosente dan moontlik uiteindelik te veel pleegstudente sal hê en andere weer geen of te min.

(ii) Moet kinders van vriende of familiebetrekkinge aan 'n voog toegewys word?

'n Ander ideaal is dat kinders van vriende of familiebetrekkinge van voogde aan hulle toegewys moet word vir beter funksionering van die stelsel.³² Dit word sover moontlik gedoen maar in sommige gevalle sal voogdosente ook oorlaai wees met pleegstudente en bowendien verkies die meerderheid voogdosente dit ook nie.³³ In hierdie verband behoort die voorkeur van 'n voog 'n pleegstudent sover moontlik eerbiedig te word.

(iii) Moet damestudente by voogdesse geplaas word?

Dit sou 'n goeie beginsel wees as damestudente by voogdesse geplaas kon word,³⁴ maar dit is in die praktyk moeilik uitvoerbaar vanweë die groot aantal eerstejaardamestudente en klein aantal dames wat dosente is. Dit sal dus weer in stryd wees met die beginsel om die grootte van voogroepe te beperk. Dit is egter wenslik dat die dames van die personeel ook as voogdesse betrek word.

(iv) Moet seniorstudente as studentevoogde betrek word?

Dit is aanbeveel dat seniorstudente as voogde vir eerstejaars moet optree.³⁵ Met die ondersoek is inderdaad ook vasgestel dat meer eerstejaars die vrymoedigheid

32. Hoofstuk IV, par. 2(n) (xi).

33. Hoofstuk IV, par. 2(d) (iv).

34. Hoofstuk IV, par. 2(n).

35. Hoofstuk IV, par. 2(n).

het om hulle medestudente te raadpleeg in geval van probleme as wat bereid is om voogdosente te raadpleeg.³⁶

Ongelukkig beskik seniorstudente nie altyd oor die nodige kennis en ervaring om as voogde vir eerstejaars op te tree nie - vandaar die voogdosentstelsel. Studenteraadgewers word egter wel by die P.U. vir C.H.O. se koshuise onder toesig van huisvaders gebruik om aan eerstejaars leiding te gee.³⁷ By gebrek aan voldoende voogdosente kan seniorstudente as voogde, onder toesig van uitgesoekte personeellede, benoem word.

(v) Moet huisvaders die plek van voogdosente inneem?

Die aanbeveling is gemaak dat huisvaders die plek van voogdosente moet inneem.³⁸ Op die oomblik word huisvaders sowel as voogdosente ingeskakel om hulp aan eerstejaars te verleen³⁹ omdat die behoefte ontstaan het. Dit blyk dat hulle mekaar met vrug kan aanvul mits huisvaders en voogdosente ten nouste met mekaar sal saamwerk in hulle diens aan eerstejaars.

(vi) Moet huiskomitees die pligte van voogdosente oorneem?

Ook huiskomitees sal nie die voogdosent se pligte kan oorneem nie,⁴⁰ omdat voogdosente 'n oriënteringsfunksie en 'n toesighoudende funksie verrig wat nie deur die huiskomitees verrig kan word nie omdat hulle alreeds as studenteraadgewers in die koshuise optree alwaar hulle ook talle ander pligte moet nakom. Dit is egter duidelik dat huiskomiteelede 'n waardevolle funksie t.o.v. eerstejaarsoriën-

36. Hoofstuk IV, par. 2(j).
 37. Hoofstuk II, par. 3(s).
 38. Hoofstuk IV, par. 2(n)(xi).
 39. Hoofstuk II, par. 3(q) en (r).
 40. Hoofstuk IV, par. 2(n)(iv).

tering vervul. Dit is egter noodsaaklik dat daar intieme samewerking tussen huiskomiteede, huisvaders en voogdosente moet wees.

(vii) Moet die eerstejaar 'n voog hê?

Dat die eerstejaar 'n voog moet hê, word deur die gebruike van die verskillende universiteite bevestig⁴¹ maar met betrekking tot die vraag wie die beste voog sal wees, bestaan daar verskil van mening soos uit die praktiese toepassing by die verskillende universiteite blyk.⁴² Uit die ondersoek blyk dat meer eerstejaars die vrymoedigheid het om hul medestudente te raadpleeg as voogdosente,⁴³ maar ongelukkig het almal nie die nodige vertrouwe in hulle medestudente nie⁴⁴ en seniorstudente beskik ook nie oor die nodige eerstehandse kennis en ervaring om in alle gevalle hulp te kan verleen nie. Ook kan die huisvaders of koshuishoofde of seniorstudente in die koshuise nie die funksie wat deur die voogdosente aan hierdie universiteit vervul word, oorneem nie - dit is nie prakties moontlik nie, vanweë die geringe aantal huisvaders en groot aantal eerstejaars en buitendien het die huisvaders ook genoeg ander verpligtinge. Seniorstudente sal ook nie die voogdosente kan vervang nie vanweë hul gebrek aan ervaring. Aangesien aldrie groepe persone reeds aan die Universiteit ten opsigte van hulpverlening aan eerstejaars betrek is, kan slegs aanbeveel word dat hulle nouer sal saamwerk om gevolglik 'n doeltreffender diens vir eerstejaars uit te maak.

-
41. Hoofstuk II, par. 3.
 42. Hoofstuk II, par. 3(r) en (s).
 43. Hoofstuk IV, par. 2(j).
 44. Hoofstuk IV, par. 2(j).

(i) Die duur van die stelsel in iedere akademiese jaar

Hierdie ondersoek toon dat die werksaamhede van die voog gerieflikheidshalwe in twee fases verdeel kan word, te wete, 'n fase van aanvanklike oriëntering wat oor die eerste weke en selfs die hele eerste kwartaal kan strek, en 'n fase van toesighouding en hulpverlening wat oor die hele orige gedeelte van die akademiese jaar strek.

Omdat die eerste fase in die algemeen gekenmerk word deur die samewerking van die pleegstudente wat vreemd en onervare in die universiteitsituasie is en wat heelwat aanvanklike probleme in verband met kursus- en vakkeuse, administratiewe aangeleenthede en sosiale aanpassing ondervind, het die voog gedurende die eerste weke van die akademiese jaar heelwat werk. Namate die eerstejaars hulle voete vind, word hulle noodwendig minder afhanklik van hulle voog, heelwat van hulle ondervind geen probleme wat hulle nie self kan oplos nie, ander ondervind eers na verloop van tyd probleme en soek met vrymoedigheid hulp, terwyl nog ander met verloop van tyd probleme ondervind dog òf nie die vrymoedigheid òf nie die verantwoordelike sin het om hulp te vra nie. Gedurende hierdie tweede fase is dit derhalwe die taak van die voog om ongevraagd, op eie inisiatief en op taktvolle wyse toesig te hou oor en op hoogte te bly met die vordering van sy pleegstudent op alle terreine van die universiteitslewe en om in te gryp, te help en te lei waar hy leemtes ontdek. Uit die aard van die saak sal hierdie hulpverlening dikwels individueel van aard wees en sporadies plaasvind. Hierdie laaste funksie is selfs belangriker as die voorgedose se oriënteringsfunksie wat, met die nodige aanpassing, geredelik deur die Instituut vir Sielkundige en Opvoedkundige Dienste en Navorsing oorgeneem kan word.

Die aanbeveling van sommige respondente dat die stelsel slegs vir die eerste paar weke in iedere akademiese jaar moet funksioneer,⁴⁵ moet derhalwe verwerp word en dit word aanbeveel dat die stelsel telkens vir die volle duur van die akademiese jaar moet geld.

(j) Verantwoordelikhede van voorgdosente

In die lig van die aangeduide leemtes en voortreflikhede van die stelsel⁴⁶ word aanbeveel dat die huidige leidraad vir voogde uitgebrei word en dat veral die volgende verantwoordelikhede van voogde daarin sterk beklemtoon word:

(i) Ontmoeting van pleegstudente en hulle ouers⁴⁷

Die eerste ontmoeting van eerstejaarstudente met hul voorgdosente by hul toetrede tot die universiteit is van kardinale belang omdat die voorgdosent een van die eerste persone aan die universiteit is met wie die onsekere en verwarde eerstejaar kennis maak en hierdie eerste kennismaking gaan die geborgenheid en vertroue van die student grootliks bepaal. Hierdie eerste ontmoeting is 'n blote kennismaking en moet informeel wees. Ook die ouers wat tydens hierdie ontmoetingsdag deur die Departement Ontwikkeling van die Universiteit onthaal word, moet die voorgdosent saam met hulle kinders ontmoet. Die voorgdosent leer sy pleegstudent beter ken wanneer hy die ouers ook ontmoet en dit sal die gees van samewerking tussen die ouers en die Universiteit bevorder. Die voorgdosent voel ook meer verantwoordelik as hy die pleegstudent se ouers ontmoet het en van hul ideale vir hul kind verneem het.

45. Hoofstuk IV, par. 2(n)(vii).

46. Hoofstuk IV, paragrafe 2(1) en (m).

47. Hoofstuk IV, par. 2(1)(ii) en 2(i).

By hierdie eerste belangrike ontmoeting moet die voorgdosent by sy pleegstudente, deur sy optrede, 'n gevoel van geborgenheid wek. By hierdie geleentheid moet ook gereël word vir die volgende ontmoeting wat moet plaasvind voor die student moet inskryf. Tydens die tweede ontmoeting kan met groepvoorligting begin word.

(ii) Groepvoorligting aan eerstejaarstudente⁴⁸

Groepvoorligting word tans deur sowel die Instituut vir Sielkundige en Opvoedkundige Dienste en Navorsing as voorgdosente gegee. Ten einde onnodige herhaling en moontlike botsende uitsprake te voorkom, is dit essensieel dat die personeel van die Instituut en die voorgdosente vooraf oorleg pleeg, mekaar vind en gekoördineerde optrede beplan.

Omdat toestande vir die voorgdosent vanweë die betreklik geringe grootte van die vooggroep en die voortdurende en intieme kontak met die eerstejaar, die skep van 'n geskikte opvoedingsituasie bevorder, moet die voog soveel aspekte van die universiteitsituasie as moontlik in die groepvoorligting tydens die aanvanklike algemene oriëntering betrek.

Onthou moet word dat die eerstejaar in die reël geheel en al vreemd is aan die universiteit en dat hy/sy graag bekend wil raak met die werking en gebruike van die universiteit. Daarom is dit raadsaam dat die voorgdosent groepvoorligting ten opsigte van minstens die volgende onderwerpe moet gee:

48. Hoofstuk IV, paragrawe 2(1)(i) a) en b) en 2(g).

1) Die keuse van 'n studiekursus. Studente met besondere probleme moet na die Instituut vir Sielkundige en Opvoedkundige Dienste en Navorsing verwys word vir deskundige advies.

2) Die keuse van vakke en die samestelling van 'n kursus.

3) Die oriënteringsprogram wat oor die eerste week strek en wat deur alle eerstejaarstudente gevolg moet word.

4) Die lees van die rooster.

5) Die prosedure by registrasie en die voltooi van registrasiekaarte.

6) Die afneem van aantekeninge in notavorm in die klas.

7) Klasbywoning, kleredrag en algemene reëls in verband met klasprosedure.

8) Studiemetodes en gewoontes.

9) Tydsindeling en vryetydsbesteding.

10) Biblioteekgebruik.

11) Die gebruik van bronne by die voltooi van opdragte.

12) Inpassing in die studentelewe.

13) Persoonlike verhoudinge met dosente, seniorstudente, mede-eerstejaars en die teenoorgestelde geslag.

14) Die gees en rigting van die Universiteit.

15) Die noodsaaklikheid van ewewigtige deelname aan studie, gemeenskapslewe, sport en kulturele bedrywighede.

- 16) Die geskiedenis en tradisie van die Universiteit.
- 17) Die koshuislewe.
- 18) Die sportlewe.
- 19) Die verenigingslewe.
- 20) Voorsiening deur die Universiteit vir hulpverlening aan studente.

Indien die eerstejaar oor een van die bogenoemde aktuele sake nie voorligting ontvang nie, is hy onbekend met betrekking tot die aspek en kan hy probleme ondervind. Voorkoming is altyd beter as genesing. Dit is byvoorbeeld beter om vooraf leiding te kry oor die afneem van aantekeninge tydens die lesings as om lukraak self 'n weg te vind en sodoende moontlik belangrike werk te verloor.

Dit moet beklemtoon word dat die voogdosent homself deeglik moet voorberei ten einde met gesag oor genoemde onderwerpe te kan praat.

Indien hierdie groepvoorligting doeltreffend gedoen word, sal die eerstejaar se probleme beperk word en sal minder individuele voorligting in die vorm van persoonlike onderhoude nodig wees.

(iii) Verdere ontmoetings tussen pleegstudente en voogdosente

Uit die ondersoek blyk dat kontak tussen voogdosente en hulle pleegstudente na die eerste paar weke grootliks verlore gaan⁴⁹ en dat daar op hierdie stadium tog nog studente is wat probleme ondervind en wat nie hulp vra nie.⁵⁰

49. Hoofstuk IV, par. 2(d)(i) - (iv).

50. Hoofstuk IV, par. 2(f).

Om hierdie verlore gaande kontak te verhoed, is dit wenslik dat die voorgdosent die inisiatief moet neem om ontmoetings, wat sover moontlik op ongedwonge natuurlike wyse verloop, te reël. Indien 'n pleegstudent nie vir die afspraak opdaag nie, moet die voorgdosent hom deur middel van sy groeplede opspoor en hom wys op die belangrikheid om afsprake na te kom - 'n baie gerieflike aanknopingspunt vir 'n persoonlike onderhoud.

(iv) Individuele voorligting deur voorgdosente ⁵¹

Aangesien individuele voorligting van die grootste waarde is, ⁵² moet dit in die voorgdosentstelsel prominent figureer.

Individuele voorligting moet deur die voorgdosente gegee word tydens persoonlike onderhoude met studente wat probleme ondervind. Deur middel van die onderhoud moet gepoog word om vas te stel wat die oorsaak van hulle probleme is en om die pleegstudente te help om die oorsaak van hulle probleme te verwyder. Dit is derhalwe noodsaaklik dat voorgdosente doelbewus tyd op hulle program moet inruim vir individuele voorligting en dat hulle benewens daardie studente wat hulp vra ook diegene moet ontbied wat volgens hulle oordeel hulpbehoewend is.

(v) Aanwending van die gegewens vervat in die vraelys aan eerstejaars

Met die ondersoek het dit aan die lig gekom dat die minderheid van die groep voorgdosente van hierdie vraelys

51. Hoofstuk IV, par. 2(g):

52. REYNEKE, C.J.J.: Die verband tussen loopbaan- en studieplanne en akademiese prestasie by universiteitstudente, 205-211.

gebruik maak, maar dat die meerderheid die noodsaaklikheid van die gebruik van die vraelys bevestig.⁵³

Die gegewens vervat in die vraelys is 'n belangrike hulpmiddel om die voorgedoseent op hoogte te bring met die agtergrond van die student betreffende prestasies op skool; sy beroepskeuse; sy gesondheidstoestand; sy leesvaardigheid; sy studieplanne; sy deelname aan die verenigingslewe, sport, musiek, toneel, ens.; sy leierseienskappe, sy aanleg en belangstelling en sy vordering aan die Universiteit.

Hierbenewens kan die vraelysgegewens van waarde wees vir navorsingsdoeleindes en vir beroepsleiding.

Dit spreek derhalwe vanself dat hierdie vraelys sodanig opgestel moet word dat dit voldoende gegewens in verband met al die bogemelde sake betreffende die eerstejaar sal verstrek, wat tans nie die geval is nie.⁵⁴

Dit word derhalwe aanbeveel dat die Vraelys aan Eerstejaarstudente, in die lig van die ervaring van voogde en ander voorligters hersien word en dat voogde aangespoor moet word om terdeë van die gegewens daarin gebruik te maak by hulle voorbereiding vir persoonlike onderhoude en by hulpverlening in die algemeen.

(vi) Verwysing van pleegstudente met ernstige probleme na deskundiges

Soos duidelik uit die ondersoek blyk, kom voogdesente soms in hulle hulpverlening aan eerstejaars voor

53. Hoofstuk IV, par. 2(k) en 2(n)(xi).

54. Kyk Bylae X.

probleme te staan wat hulle self nie kan oplos nie en wat die hulp van deskundiges verg. Die Universiteit het, onder meer met die oog hierop, die Instituut vir Sielkundige en Opvoedkundige Dienste en Navorsing in die lewe geroep. Dit blyk egter dat sommige voorgedosente òf nie bewus is van die dienste wat die Instituut aanbied nie òf nie daaraan dink om van die Instituut gebruik te maak nie.⁵⁵

Dit word derhalwe sterk aanbeveel dat alle voorgedosente ten volle op hoogte gebring word met alle geriewe wat die Universiteit bied vir deskundige hulpverlening aan studente en dat voogde aangemoedig moet word om gevalle wat hulle self nie kan hanteer nie na die Instituut vir Sielkundige en Opvoedkundige Dienste en Navorsing te verwys wat, waar nodig, op sy beurt die student na die aangewese deskundige sal verwys vir hulp.⁵⁶

(vii) Toesig oor die aanpassing en vordering van eerstejaars

Omdat sommige eerstejaarstudente nie die vrymoedigheid en ander nie die nodige verantwoordelikeheidsbesef het om hulp te vra nie is 'n stelsel van toesig en beheer noodsaaklik. Die voogdosent wat slegs 'n beperkte groepie studente onder sy sorg het, behoort hierdie funksie ten beste te vervul. Hy kan met weinig inspanning vasstel hoe elkeen van sy studente vorder en aanpas, nie slegs ten opsigte van sy eie vak nie, maar ook ten opsigte van ander vakke en op alle terreine van die algemene univer-

55. Hoofstuk IV, par. 2(1)(v) b).

56. Hoofstuk IV, par. 2(n)(x).

siteitslewe. As 'n student byvoorbeeld nie aan die verenigingslewe of sport deelneem nie en sy sosiale aanpassing gevolglik daaronder ly, moet die voorgdosent probeer vasstel of sy gebrek aan deelname 'n simptoom van een of ander probleem is en indien wel, moet die voorgdosent hom help om die probleem te oorkom.

Hierdie ondersoek het egter aangetoon dat slegs 'n geringe persentasie op eie inisiatief inderdaad ernstige pogings aanwend om op hoogte te bly met die vordering van hulle pleegstudente.⁵⁷ Dit word derhalwe aanbeveel dat voogde terdeë gewys moet word op hulle verantwoordelikheid in hierdie verband.

Ten einde die toesig en beheer van die voorgdosent oor sy pleegstudent te vergemaklik, word aanbeveel dat die administratiewe kantoor die prestasies van die eerstejaarstudente in semestertoetse aan alle voorgdosente beskikbaar stel,⁵⁸ en dat voogde van iedere pleegstudent moet vereis dat hy maandeliks 'n opgawe van toetspunte by hom moet inhandig, sodat probleme vroegtydig ontdek en opgelos kan word.

Dit is voorts noodsaaklik dat voorgdosente opgeskerp moet word om 'n vertrouensverhouding met hulle pleegstudente tot stand te bring en om deur hulle persoonlike belangstelling en voorbeeld 'n groepsbewussyn by hulle voogroepe aan te wakker, want daardeur mag lede van die groep geaktiveer word om te rapporteer indien hulle bewus is van enige aanpassingsprobleme van 'n mede-

57. Hoofstuk IV, par. 2(1)(iii).

58. Hoofstuk IV, par. 2(n)(vi).

groeplid. Welslae is reeds met hierdie metode behaal,⁵⁹
 Op hierdie wyse kan die hele vooggroep met die voogdosent
 saamwerk by die uitskakeling van probleme en die inskake-
 ling van die eerstejaarstudent by die universiteit.

(k) Koördinering met ander persone en instansies wat gemoeid
 is met hulpverlening aan eerstejaarstudente

Dit is absoluut noodsaaklik dat voogdosente sal saamwerk
 met alle ander persone wat gemoeid is met hulpverlening en voor-
 ligting aan eerstejaars. Dit is die morele plig van elke doserende
 personeellid om toe te sien dat studente in hulle klas goed aanpas
 en vorder en daarom kan voogdosente met vrymoedigheid van die
 vakdosent se hulp gebruik maak deur, waar nodig, pleegstudente
 na hulle te verwys. Die voogdosent kan hom ook beroep op
 die hulp van die huisvader as dit blyk dat 'n student hom aan
 pligsversuim ten opsigte van tuisstudie in die koshuis skuldig maak.
 Hierdie huisvader kan dan regstreeks die betrokke student onder
 hande neem of hy kan aan die betrokke huiskomiteelid, wat vir
 die student verantwoordelik is, opdrag gee om toe te sien dat
 die student nie onnodig sy tyd verspeel nie. In hierdie verband
 word aanbeveel dat 'n plek op die vraelys aan eerstejaars inge-
 ruim moet word waar die koshuisstudent die naam van die huis-
 vader van sy koshuis vermeld sodat die voogdosent met die huis-
 vader kan skakel wanneer nodig.

Die eerstejaarstudent met spraakprobleme, kursus-, studie-
 en leerprobleme, lewensbeskoulike, pastoraal-psigologiese pro-
 bleme, persoonlikheidsprobleme en afwykings, kan ook na die
 Instituut vir Sielkundige en Opvoedkundige Dienste en Navorsing

59. Volgens 'n onderhoud met prof. W.J. de Klerk wat kennis dra
 van dr. J. van Vuuren van die Universiteit van Pretoria se
 proefneming in hierdie verband.

verwys word. Die Instituut verwys nie slegs binne sy eie huishouding gevalle heen-en-weer nie, maar vakdosente, maatskaplike werksters, predikante, algemene mediese praktisyns en spesialiste word ook met betrekking tot studentediens betrek.⁶⁰

Ten opsigte van administratiewe probleme kan studente ook na lede van die administratiewe personeel van die Universiteit verwys word vir hulp en leiding.

Die verskillende dienste moet ten nouste saamwerk om een groot gekoördineerde diens uit te maak wat eerstejaarstudente kan help om die spreekwoordelike gaping te oorbrug wat tussen die middelbare skool en die universiteit bestaan.

3. MOONTLIKE VERDERE NAVORSING

Selfs al word die voogdosentstelsel in die lig van die voorgaande aanbevelings hersien, sal dit tog van tyd tot tyd by die eise van veranderende omstandighede aangepas moet word. Dit sal derhalwe nodig wees om telkens die voogdosentstelsel te herevalueer met die oog op voortdurende verbetering.

Dit is voorts duidelik dat 'n groot persentasie eerstejaarstudente voorkeur gee aan hulpverlening deur, en inderdaad hulp ontvang van, huisvaders, koshuispersoneel en huiskomiteelede of ander senior studente. Dit is derhalwe noodsaaklik dat die besondere behoeftes van koshuisstudente vasgestel en die aard en omvang van hulpverlening deur genoemde persone geëvalueer word ten einde ook hierdie belangrike skakels in die voorligtingsdiens op 'n wetenskaplike grondslag te plaas.

Aangesien daar reeds verskillende persone en instansies betrokke is by die oriëntering van en hulpverlening aan eerstejaars,

60. P.U. vir C.H.O.: Memorandum van die Instituut vir Sielkundige en Opvoedkundige Dienste en Navorsing.

is onnodige duplisering en selfs teëspraak moontlik. Dit is derhalwe nodig dat 'n deeglike ondersoek ingestel word na die omvang en aard van die werksaamhede van iedere instansie ten einde funksies af te baken en koördinasie te verseker.

Dit is duidelik dat daar, in weerwil van ernstige pogings om wanaanpassing en druipling te bekamp, nogtans heelwat eerstejaars is wat uitsak. Die vraag ontstaan of daar nie heelwat eerstejaars aan universiteite toegelaat word wat nie oor die nodige persoonlikheids- en/of verstandelike kwalifikasies beskik nie. Studies oor die vereistes vir toelating behoort onderneem te word.

Dit is voorts wenslik dat deeglike ondersoek ingestel word na die wenslikheid en doenlikheid van grootskaalse beroepsvoorligting en toetsing van alle eerstejaarstudente.

Ten slotte behoort 'n deeglike studie onderneem te word van die invloed van voorligting deur die skool, deur instansies buite skoolverband, en deur universiteite uitgeoefen en van die verbeterde koördinasie van bestaande voorligtingsdienste.

SLOTOPMERKINGS

Waar die voogdosentstelsel van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys hierin volledig geëvalueer is en aanbevelings ter moontlike verbetering daarvan gemaak is, word die hoop gekoester dat die voorstelle hierin vervat mag bydra tot verdere uitbouing van hierdie stelsel aan die P.U. vir C.H.O. en tot uitbreiding van die reeds lofwaardige pogings van alle Suid-Afrikaanse Universiteite om eerstejaarsaanpassing en vordering te verbeter.